# WÊRELDGEBEURE.

**BUITELAND.**

'n Tydlank het dit geskyn asof die woede van Mars bedaar het. In Desember l.l. het dit gelyk of die gevaar van 'n derde wêreldoorlog onmiddellik voor die deur staan. Die kragdadige bewapeningsprogram van die Westerse moondhede het Stalin egter blykbaar tydelik laat oorslaan na 'n ander taktiek. Rusland self tree nergens militêr-agressief op nie, selfs nie in Korea nie. Die Chinese moet maar self die spit afbyt en hoogstens word hulle gehelp met wapentuig en adviseurs. Dit het reeds geblyk dat die getalle-oorwig van die Chinese nie die deurslag gee nie. As hulle daarin geslaag het om die V.V.O.-magte in die see te jaag sou die wêreld vandag 'n ander prentjie vertoon het. Dit is vir die Westerse wêreld 'n genadige beskikking dat die religieuse fanatisme van die Ver-Oosterse Kommunisme nie direk eweredig is aan sy militêr-ekonomiese mag nie. Intussen het die verwagte lente-offensief van die

Kommuniste in China reeds begin en volgens berigte moet hulle oor geweldige magte beskik. Met die eerste aanslag het hulle blykbaar nie hul doel bereik nie, hoewel hulle die V.V.O.-magte 'n hele ent teruggedruk het. Terwyl ons skryf is die Kommuniste besig om groot voorrade te vergader en die volgende aanslag mag spoedig kom.

Die hele Korea-aangeleentheid het die Westerse magte voor 'n bykans onoplosbare dilemma geplaas. As die Chinese kus nie geblokkeer en die ekonomiese mag van China so gebreek word nie, kan die stryd tot in die oneindige aanhou—of die V.V.O.-magte kan die onderspit delf. As die Chinese kus geblokkeer word, kan dit moontlik 'n aanleiding vir 'n algemene brand in Asië word. Vir die laaste moontlikheid is veral Engeland bedug, sodat ons voor die wonderlike teenstrydigheid staan dat Engelse skepe voorrade in Chinese hawens aflaai, terwyl Britse troepe in Korea sterf. Die staatsmanne sit blykbaar met die hande in die hare. Stalin speel sy kaarte op uitnemende wyse.

Wat in Mantsjoerye aangaan, is nie heeltemal duidelik nie. Sam Rayburn, die Amerikaanse „Speaker" het al 'n paar keer die rooi lig laat sien en beweer dat daar reuse-sametrekkings van troepe in Mantsjoerye plaasvind. 'n Groot deel van die troepe sou dan „nie-Chinese" wees. Die sinspeling het gedui op Russiese troepe maar die Kremlin het die berig kategories ontken. In elk geval word in die lente 'n grootskaalse offensief van die Kommuniste verwag. Hul lugmag moet aansienlik versterk wees. Blykens 'n mededeling van die hoof van die Amerikaanse lugmag in die Verre Ooste, is hulle waarskynlik nou in staat om die landmagte van die V.V.O. aan te val. Luggevegte van groter formaat het dan ook reeds plaasgevind.

Hoewel daar in die res van Asië op die oppervlakte van die waters betreklik kalmte heers, bruis en kook dit tog nog gedurig onder die oppervlakte, terwyl so nou en dan iets daarvan bemerk word. Soos in „Sake van die dag" (Die Transvaler) onlangs opgemerk, kook en gis dit in die hele Asië, van Jerusalem tot by Seoul.

Israel leef maar gedurig op gespanne voet met sy bure, die Siriërs en die Arabiere. Dit skyn of Persië nog die kruitvat van 'n volgende oorlog kan word. Die regering is blykbaar gedetermineerd om die olienywerheid te nasionaliseer en dit kan vir Engeland en Amerika funeste gevolge hê, veral in 'n eventuele oorlog. Die Weste is tot 'n groot mate van hierdie olie afhanklik. Die onluste op die olievelde het 'n uiters bedenklike karakter, veral as daaraan gedink word dat Persië aan Rusland grens.

Indië en Pakistan gryns mekaar nog steeds aan in verband met die Kasjmir-geskil. In Franse Indo-China het die Franse troepe dit swaar te verduur. Oënskynlik het ons in die meeste gevalle met plaaslike

onluste te doen, maar as ons die borduurwerk van onder kon sien, sal dit wel blyk dat die drade met mekaar verbind is.

Dit is al hierdie dinge wat genl. MacArthur blykbaar kriewelrig begin maak het en hom ook as politikus laat optree het. Tevore is daar al besware geopper oor die uitsprake van MacArthur, maar dit het nou vir die Truman-administrasie die toppunt bereik toe die generaal verklaar het dat oorlog aan China verklaar moet word as hulle nie tot 'n skikking in Korea bereid is nie. Wat die uitwerking van die ontslag van MacArthur gaan wees, staan nog te besien. Ongetwyfeld is hy 'n man van groter formaat as Truman, maar 'n mens kan Truman se standpunt ook verstaan waar die hoogste gesag tog by hom berus. Hierdie daad kan egter moontlik sy val en dié van sy regering beteken.

Ons wêreld bly nog maar 'n gevaarlike wêreld en die lente in die Noordelike halfrond kan heelwat onrus met hom meebring. Intussen het 'n Europese leër onder die leiding van genl. Eisenhower tot stand gekom. Dit kan 'n weerhoudende faktor vir die Russe wees, hoewel erken moet word dat die getalsterkte nog nie groot is nie. Ondertussen kan die „vier grotes" nie eens so ver kom om 'n agenda vir eventuele samesprekinge op te stel nie.

**SUID-AFRIKA.**

Die twee sake wat in die jongste tyd die meeste aandag geniet het, is ons verhouding tot die Britse Gemenebes en die wetsontwerp op kleurlingkiesreg.

Wat die eerste betref—dit word meer en meer duidelik dat die konneksie met die Gemenebes vir ons groot gevare inhou. Dit het nou weer tot openbaring gekom in verband met die Goudkus-affêre, waar stemreg gegee word o.a. aan barbare wat hul naam nie kan teken nie! En dan is daar die vooruitsig dat hierdie staat ook lid van die Gemenebes kan word!

Dr. Malan het 'n knuppel in die hoenderhok van statebondsbetrekkinge met sy verklaring oor hierdie saak gewerp. Vername waardigheidsbekleders het met hom saamgestem. Tegelykertyd het hy ook daarop gewys dat lede van die Statebond via die V.V.O. teen ander lede optree (Indië versus S.A.)

'n Mens wil hoop dat al hierdie dinge ons eerste minister tot ander insigte sal laat kom met betrekking tot sy ideaal van 'n Republiek binne die Britse Statebond. Hoe jammer tog dat al ons leiers nie eenstemmig kan verklaar nie: **slegs die pad van Ierland!** Dit was vir ons 'n bitter teleurstelling dat min. Dönges teenoor die Iere sy spyt kon uitspreek dat hulle nie ook maar lid van die Statebond is nie! Daar is maar een weg: volhardende propaganda vir ons ideaal.

Wat die kleurlingstemreg betref kan ons heelwat rasse-opsweping verwag. Die Opposisie is gedetermineerd om alle kragte te mobiliseer en die wetsontwerp op elke stadium te beveg. Aan die Engelse word onder meer vertel dat hulle taalregte en selfs hul stemreg in gevaar is. Die regering sou dan stap vir stap alle demokratiese regte wil wegneem.

Enige nugterdenkende mens weet dat dit nie so is nie, maar in hul roes van rassewaansin kan baie mense blykbaar nie reg dink nie. Ons is oortuig dat die Kleurlinge mettertyd sal besef dat die beoogde verandering ook vir hulle van betekenis is. 'n Mens bejammer hulle vanweë die feit dat selfsugtige propaganda hulle daartoe moet bring om hulself aan treinspore te wil vasketting!

Die Oppenheimer-fonds, wat bedoel was om so geheim as moontlik te bly, maar tog openbaar geword het danksy die speursin van joernaliste, toon elke Afrikaner en elke welmenende Engelssprekende teen watter magte daar geveg moet word. As daar by ons nie ware idealisme en geloof is nie, as 'n groot deel van ons volk deur hierdie vleispotte van Egipte gelok sal word, is die toekoms vir ons maar donker.

As 'n mens let op verklaringe wat onlangs gedoen is, kom die vraag op of ons volk godsdienstig en moreel nie eers 'n wedergeboorte sal moet ondergaan, voordat ons 'n republiek waardig sal wees nie. Prof. Cronjé van U.P. moes op die sinode van die N.H. of G.-Kerk verklaar dat hy, hoewel hy kennis van baie volke het, nergens soveel dronkenskap gesien het nie as juis in S.A. Die regters kla dat hulle totaal oorwerk is vanweë die groot aantal kriminele en siviele sake. Daar is waarlik behoefte aan „morele herbewapening," mits dit in die regte lig gesien word.

Ekonomies beweeg ons vinnig in die rigting van selfstandigheid. Een van die groot nyweraars het reeds verklaar dat daar 'n industriële revolusie in Suid-Afrika plaasvind. Hoewel die steeds stygende lewenskoste veral die salarisman swaar tref, kan met dankbaarheid verklaar word dat dit met ons veel beter staan as met die meeste lande in die wêreld. Dink aan Engeland waar die inkomstebelasting reeds 9/6 op die pond is! Vir die gunstige begroting wat min. Havenga kon indien is tot 'n groot mate die voorspoed van die myne (devaluasie!) en die wolboere verantwoordelik. 'n Mens gun die wolboere hierdie oplewing (wat alreeds begin afneem) na tye van droogte en 'n onsimpatieke regering wat die wol feitlik verniet weggegee het. Daar is loflike voorbeeld van offervaardigheid in diens van volk en kerk, maar die Mammon het in baie gevalle ook maar weer sy wierook geëis sodat die hoë pryse vir menigeen nie 'n seën sal wees nie, maar die teendeel. Van 'n innerlike wedergeboorte van die volksiel sal niks teregkom as hierdie gees hoogty vier nie. Die volk moet weer terug na die wet en die getuienis.

Ons kan hierdie oorsig nie afsluit nie sonder vermelding van die belangrike feit dat op 17 Maart 'n Vrye Christelike Universiteit in ons land tot stand gekom het. Die verrigtinge by geleentheid van die oorhandiging van die oktrooi sal altyd in ons herinnering bly. Die hooftoon was die van dankbaarheil teenoor God. Ook aan „Koers" word nuwe eise gestel. Mag sowel die Universiteit as ons blad staan as ligbakens op die pad van S.A.!

3 Mei 1951.

S.d.T.